



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2016

**GESKIEDENIS V2
MEMORANDUM**

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

1. BRONGEBASEERDE-VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDE	GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1 (V1)	<ul style="list-style-type: none"> • Onttrek inligting uit die bronne • Selekteer en organisasie van relevante inligting uit bronne • Definieer historiese begrippe/terme 	30% (15)
VLAK 2 (V2)	<ul style="list-style-type: none"> • Interpretasie van bewyse uit bronne • Verduidelik inligting verkry uit bronne • Analiseer bewyse uit bronne 	40% (20)
VLAK 3 (V3)	<ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer en evalueer bewyse uit die bronne • Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekking 	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord geleë sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die opsteltipe-vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (*bullet*) in die nasienriglyne, vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling
- Herhaling
- Analise
- Interpretasie



2.5 Die Matriks

2.5.1 Gebruik die analitiese matriks in die nasien van die opstel

Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van opsteltipe vrae (verwys na bladsy 5). By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bladsy 5, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	



- (b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	30–33
A	VLAK 5	

NASIENMATRIKS VIR OPSTELVRAE: TOTALE PUNTE: 50

AANBIEDING  INHOUD 	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun	Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun	Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.	Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud.						14–17	0–3

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**VRAAG 1: HOE HET STEVE BIKO EN DIE FILOSOFIE VAN SWARTBEWUSSYN DIE STUDENTE-OPSTAND VAN 1976 BEÏNVLOED?**

- 1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- omdat hy 'n dop, 'n skaduwee van 'n man geword het
 - heeltemal verslaan
 - verdrink in sy eie ellende
 - 'n slaaf
 - 'n os wat sy juk dra
 - bedeesde skugterheid
 - het sy persoonlikheid verloor
 - omdat swartmense die enigste instrument vir verandering is
- (Enige 3 x 1) (3)
- 1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Die swartman moet tot besinning kom
 - Lewe in sy leë dop terugstort
 - Hom met trots en waardigheid besiel
 - Moet homself herinner aan sy steun om toe te laat dat hy misbruik word
 - Na binne kyk (selfbesinning)
- (Enige 3 x 1) (3)
- 1.1.3 *[Verduideliking van konsep uit Bron 1A – V1]*
- 'n Filosofie of stel idees deur Steve Biko voorgestel wat 'n beroep op alle swartmense in Suid-Afrika gedoen het om te verenig, hul gedagtes uit verstandelike gevangenisstraf en 'n gevoel van minderwaardigheid te bevry, om trots te wees om swart te wees
 - Enige ander toepaslike antwoord
- (Enige 1 x 2) (2)
- 1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Alle swart mense is deur die apartheidsstelsel onderdruk, hetsy hulle as Swart, Kleurling of Indiër geklassifiseer is en hulle moes dus saamstaan
 - Die apartheidsstelsel het swartmense probeer verdeel (deur middel van rasseklassifikasie, groepsgebiede, tuislandbeleid, ens.) om te verhoed dat hulle 'n verenigde front teen die onderdrukking van apartheid vorm
 - Die apartheidsregering het 'n strategie van verdeel en heers gebruik
 - Swartmense is sosiaal, asook ten opsigte van die geleenthede wat aan hulle beskikbaar gestel is, geskei in 'n poging om te verhoed dat hulle teen apartheid verenig
 - Enige ander toepaslike antwoord
- (Enige 2 x 2) (4)
- 1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Om aan te dui dat dit met die Swartbewussynsbeweging vereenselwig
 - Om aan te dui dat dit met die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO) vereenselwig het
- (Enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- SASM-leiers het studente by hul eie skole georganiseer
- Die kwessie van Bantoe-onderwys ('n ongelyke onderwysstelsel wat die geleenthede van swart studente beperk het) is op vergaderings met studente bespreek om hul politieke bewustheid te verhoog
- SASM het universiteitstudente (gassprekers), wat lede van SASO was, genooi om met die skoolstudente te gesels (opruierende toesprake)
- SASM het universiteitstudente (gassprekers), wat lede van SASO was, genooi om met die skoolstudente te gesels (opruierende toesprake)
- SASO-lede het idees oor swartbewussyn bekendgestel, toesprake oor bewussyn gehou en skoolstudente aangemoedig om trots te wees om swart te wees
- Enige ander toepaslike antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- SASM-byeenkomste het groot gehore gelok (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Vra vrae oor kwessie van bruikbaarheid van Bron 1B – V3]***BRUIKBAAR, WANT**

- Die Bron hou verband met die navorsingsonderwerp – dit verskaf inligting oor 'n studentebeweging wat in die 1970's by die SBB geaffilieer was
- Die Bron verskaf nie enige inligting oor studentepolitiek buite Soweto nie
- Die Bron voorsien 'n kombinasie van ooggetuie-weergawes van 'n student wat in die middel-1970's by politiek betrokke was en akademiese kommentaar wat met die voordeel van nawete geskryf is
- Die Bron verskaf besonderhede oor mense, plekke en gebeure wat die invloed van SB se standpunte op studente in die middel-1970's beklemtoon
- Enige ander toepaslike antwoord (Enige 2 x 2) (4)

OF**BEPERKTE GEBRUIK, WANT**

- Die Bron verskaf nie enige inligting oor studentepolitiek buite Soweto nie
- Slegs een perspektief word verskaf wat die SB-invloed beklemtoon, maar dit noem nie die taalkwessie of ander sosio-ekonomiese aspekte van die opstand nie
- Dit kwantifiseer nie hoeveel studente aktief aan SASM-strukture deelgeneem het of wat SASM as gevolg van hul SB-filosofie ondersteun het nie
- Enige ander toepaslike antwoord (Enige 2 x 2) (4) (4)

- 1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- SASM was aktief in die Oos-Kaap
 - Konfrontasie tussen studente en veiligheidspolisie in Soweto
 - SASO het SSRC gestig
 - SSRC het 'n betoging vir 16 Junie gereël (Enige 2 x 1) (2)
- 1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Die opstand is deur die taalkwessie aangevuur, maar het baie dieper redes gehad – studente het betoog teen hulle onderdrukking onder apartheid
 - Nadat die polisie betogende studente doodgeskiet het, het die protes versprei en alle simbole van die apartheidsregering het teikens geword
 - Die studente-opstand in Soweto het ander studente, werkers en lede van swart gemeenskappe regoor die land geïnspireer om teen die ongelykheid van apartheid op te staan
 - Die idees van Swartbewussyn het versprei sodat alle swartmense in die land die taalstryd as deel van 'n groter stryd teen apartheid se onderdrukking kon besef
 - Enige ander toepaslike antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Hulle is beïnvloed deur die Swartbewussyn-filosofie wat alle mense wat deur apartheid onderdruk is
 - Hulle is aangemoedig om in een stryd met swartmense te verenig
 - Enige ander toepaslike antwoord (2 x 2) (4)
- 1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Loop oor van selfvertroue en energie
 - Baie lewenskrag en die begeerte om hul uitdagings te konfronteer
 - Vol waagmoed, nie bang om die owerhede uit te daag nie
 - Gee swartmag-salute, glimlag, hardloop, lyk uitdagend en nie bang of skugter nie
 - Enige ander toepaslike antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 1.4.2 *[Vra vrae oor kwessie van beperking van Bron 1D – V3]*
- Die foto gee nie vir ons 'n aanduiding van die rede waarom die studente protesteer nie
 - Dit is onduidelik wanneer op 16 Junie hierdie foto geneem is
 - Ons kan nie sien hoeveel studente by die opstand betrokke was nie
 - Die foto gee 'n baie klein flitsbeeld en dus kan ons nie al die skole identifiseer wat by die protes betrokke was nie
 - Die studente-opstand het na ander gebiede regoor die land versprei
 - Ons sal ander historiese bewyse moet gebruik om die besonderhede in hierdie foto te verifieer
 - Enige ander toepaslike antwoord (Enige 2 x 2) (4)

- 1.5 *[Interpreteer, analiseer en evalueer inligting uit bronne 1A en gebruik eie kennis om die bruikbaarheid daarvan te evalueer – V3]*

Leerders moet die volgende punte insluit in hulle antwoord:

- Swartbewussyn-filosofie het die noodsaaklikheid vir verandering, trots, waardigheid, herlewing, eenheid beklemtoon – dit word alles tydens die studente-opstand van 1976 (Bron 1A) in aksie gesien
- SASM het reeds sedert 1974 studente in Soweto georganiseer – het teen 1976 strukture en wortels in skole gehad (Bron 1B)
- SASM was vanaf 1972 aktief betrokke by die verpolitiserings van skoolstudente oor SB-idees en Bantoe-onderwys (Bron 1B)
- Die skole wat vir die organisasie van die optogte op 16 Junie in Soweto verantwoordelik was, het die sterkste SASM-takke gehad (Bron 1B)
- SASM het die SSRC gestig, wat die optogte op 16 Junie aangemoedig het (Bron 1C)
- Orlando West Hoërskool, waar die eerste skietery plaasgevind het, het 'n sterk SASM-groep gehad (Bron 1B en 1C)
- Opstand het na ander gemeenskappe versprei, insluitend Kleurling-townships in Kaapstad, wat 'n aanduiding was van die invloed van SB se idees oor eenheid (Bron 1C)
- Die opstand het nie opgehou toe die taalkwessie onttrek is nie, wat daarop dui dat SB se idees oor die terugstorting van lewe in die 'swartman' posgevat het (Bron 1A en 1C)
- Studente in die foto lyk uitdagend, trots, waardig, moedig, ens. – alle dinge wat SB se filosofie aangemoedig het (Bron 1A en 1D)
- Enige ander toepaslike antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. hoe die filosofie van Swartbewussyn die studente-opstand van 1976 beïnvloed het • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te rapporteer, of kan nie oor 'n onderwerp rapporteer nie 	PUNTE 0–2
VLAK	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en verwys tot 'n groot mate na die onderwerp, bv. hoe die filosofie van Swartbewussyn die studente-opstand van 1976 beïnvloed het • Gebruik bewyse op 'n basiese manier 	PUNTE 3–5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik gepaste bewyse bv. Demonstreer 'n deeglike begrip van hoe die filosofie van Swartbewussyn die studente-opstand van 1976 beïnvloed het • Bewyse verwys goed na die onderwerp • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp wys 	PUNTE 6–8

(8)
[50]

VRAAG 2: WAT WAS DIE UITDAGINGS VAN DIE WVK?

- 2.1 2.1.1 *[Verduideliking van historiese konsepte vanuit Bron 2A – V1]*
- (a) • Moord
• Ontvoering
• Marteling (Enige 1 x 2) (2)
- (b) **Amnestie**
Vergewe vir 'n oortreding of misdaad (1 x 2) (2)
- 2.1.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2A – V1]*
- Om die aard en omvang van die growwe menseregte skendings te ondersoek tussen 1960 en 1994
 - Om die stories en getuienisse van slagoffers en oortreders van menseregteskendings te hoor
 - Om vergifnis te bied aan oortreders wat die volle waarheid onthul het (3 x 1) (3)
- 2.1.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2A – V2]*
- Vir die families van die slagoffers om te hoor wat gebeur het met hul geliefdes
 - Vir die nasie om te hoor wat gebeur het tydens die apartheids-era
 - Om die apartheidsmoorde op rekord te plaas
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 2.1.4 *[Verduideliking van bewyse vanuit Bron 2A – V2]*
- Herstellende geregtigheid (1 x 2) (2)
- 2.1.5 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2A – V2]*
- Oortreders moet die volle waarheid te openbaar
 - Oortreders moes berou toon
 - Oortreders moes wys dat hulle 'n politieke motief gehad het (Enige 2 x 2) (4)
- 2.2 2.2.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2B – V2]*
- Krog**
- Bied geleentheid om hul stories te vertel
 - Het Suid-Afrika se verlede blootgestel
 - Die stil stemme was gehoor
 - Gewone mense het gehelp om die geskiedenis te vorm (Enige 2 x 2) (4)
- 2.2.2 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2B – V1]*
- Swart en wit mense leef in harmonie saam
 - Versoening (Enige 1 x 2) (2)

- 2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C – V2]*
- Dat volle bekendmaking van die waarheid nog nie gemaak is nie
 - die volle waarheid is nie vertel nie
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 2.3.2 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C – V2]*
- Hy beskou dit as 'n heksejag teen die NP
 - Hy het geglo die WVK was bevooroordeel teenoor die ANC
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.3.3 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2C – V2]*
- Hulle was bang vir vervolging
 - Hulle wou nie hul verkeerd doen blootstel nie
 - Hulle wou nie verantwoordelikheid vir hul misdade neem nie
 - Hulle het nie die ideale van die WVK ondersteun nie
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.3.4 *[Analise van bewyse om betroubaarheid van Bron 2C te bepaal]*
Nie betroubaar
- Dit gee uitdrukking aan die opinie van die spotprenttekenaar
 - De Klerk ondersteun die WVK, maar het sy eie bedenkinge
 - 'n Paar apartheid agente het voor die WVK verskyn
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse vanuit Bron 2D – V2]*
- Nie bereik: in haar generasie “kan nie wit Suid-Afrikaners aanvaar nie...”
 - “Erken dat dit later kan kom”...“met die hoop dat my kleinkinders...”
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4.2 *[Analise van bewyse in bronne om vergelyking te maak]*
- Opinie 1 toon die onwilligheid om te vergewe terwyl opinie 2 vergifnis beklemtoon om die versoeningsbeleid te versnel
 - Vergifnis om versoening te versnel
 - Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)
- 2.4.3 *[Onttrekking van bewyse vanuit Bron 2D – V1]*
- Waarheid op rekord geplaas
 - Bewyse van gruweldade
 - Erkenning van tekortkominge (Enige 1 x 1) (1)

2.5 [Interpretasie, evaluasie en analise van inligting om 'n paragraaf daar te stel]

Hoofpunte (Leerders moet sy/haar antwoord tussen die suksesse en mislukkings balanseer)

Suksesse:

- Die WVK hoor die getuienisse van ongeveer 22 000 slagoffers
- Sommige oortreders het volle bekendmaking gemaak en is amnestie gegee
- Dit openbaar die bestaan van moordbendes
- Teenstanders van Apartheid is gedood deur die gebruik van marteling, brandstigting, sabotasie, hinderlae en moord
- Suksesvolle in die sin dat dit beide slagoffers en getuies na vore gebring het om die nasie oor die apartheidgruweldade in te lig
- Het gehelp om baie van die moorde en verdwynings tydens apartheid op te los
- Enige ander relevante antwoord

Mislukkings:

- Het nie genoeg gedoen om Suid-Afrika te versoen nie
- Dit het nie aandag aan sosio-ekonomiese misbruik en strukturele gevolge van apartheid gegee nie
- Slagoffers was nie tevrede met die onvoldoende vergoeding nie
- Die ANC was krities teenoor die verslag, omdat hulle geglo het dat die stryd teen apartheid 'n regverdigte een was en hulle het nie regte van ander mense geskend het nie
- De Klerk beweer hy is nie bewus was van menseregteskendings nie
- Menseregte skendings van die Zoeloes was geïgnoreer
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. kan nie die suksesse en mislukkings van die WVK bepaal nie • Gebruik bewyse gedeeltelik om oor 'n onderwerp te rapporteer, of kan nie oor 'n onderwerp rapporteer nie 	PUNTE 0-2
VLAK	<ul style="list-style-type: none"> • Bewyse is meestal relevant en verwys tot 'n groot mate na die onderwerp bv. kan die suksesse en mislukkings van die WVK bepaal • Gebruik bewyse op 'n basiese manier 	PUNTE 3-5
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik gepaste bewyse bv. demonstreer 'n deeglike begrip van hoe om die suksesse en mislukkings van die WVK te bepaal • Bewyse verwys goed na die onderwerp • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp wys 	PUNTE 6-8

(8)
[50]

AFDELING B**VRAAG 3: BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument op grond van relevante bewyse deur analitiese en interpretasievaardighede]

SINOPSIS

Kandidate moet aandui of hulle saam stem of nie met die stelling. Hulle moet dan die redes vir die politieke hervormings verduidelik en aan te dui in watter mate interne weerstand teen dié hervormings gelei het tot die einde van apartheid.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende in hul respons insluit:

Inleiding:

- Kandidate moet die vraag te beantwoord in hul inleiding deur te verwys na die stelling.

Uitbreiding:

- Totale Aanslag Totale Strategie
- Driekamerparlement
- Die stigting van die UDF
- *Don't Vote*-veldtog
- Die rol van vakbonde
- Die rol van studente
- Die rol van burgerlike organisasies
- Die *Mass Democratic Movement* (MDM)
- SARK
- *Black Sash*
- Beëindig Verpligte Militêre-opleidingsveldtog
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat

[50]

VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument op grond van relevante bewyse deur analitiese en interpretasievaardighede]

SINOPSIS

In hul argument moet kandidate fokus op waarom onderhandelinge begin en beëindig was en aandui dat ten spyte van al hierdie kwessies SA in 1994 'n demokrasie geword het.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende in hul respons insluit:

Inleiding:

- Kandidate moet aandui of die stelling korrek is en uit te brei op hul redes.

Uitbreiding:

- De Klerk se aankondiging van die vrylating van Mandela, 2 Februarie 1990
- Die proses van onderhandelinge begin
- Eerste formele vergadering vind plaas by Groote Schuur (Mei 1990) - vrystelling van politieke gevangenes
- Pretoria-minute (Augustus 1990), ANC kondig die opskorting van die gewapende stryd
- KODESA 1 (Desember 1991) – taakspanne is saamgestel om met spesifieke onderwerpe te deel
- IVP-leier het geweier om by te woon
- Regse vleuel Konserwatiewe Party, linkervleuel PAC boikot KODESA
- Slegs-Blankes referendum gee De Klerk 'n duidelike mandaat om te onderhandel
- KODESA 2 (Mei 1992) in duie gestort oor meerderheidsregering en geweld
- Rekord van Verstandhouding (26 Sept 1992)
- Multi-party onderhandelingsproses (MPNP) (2 April 1993)
- Son-ondergang-klousule en die rol van Slovo
- Finale ooreenkoms bereik
- 1994-verkiesing
- Regering van Nasionale Eenheid
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat

[50]

TOTAAL: 100

